



Vierde uitgawe -
2016

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekreteressee – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:
jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewebus / Vra is vry	2
Snoei	3
Vergadering 2 Junie	9
Inheemse boom	13
BRAT 30 July	14
Vergadering 6 Augustus	17
Terugvoering	26
Snippets	27
Kalender	28

Van die Redakteur

Beste bonsai vriende

Ons leef in tye waar verslawing toeneem. Daar is verslawing aan alkohol, aan dwelms, aan dobbel, aan eet, aan rook, aan medisyne, aan slimfone en facebook. Dan is daar selfs mense wat aan sogenaamde 'goeie goed' verslaaf kan raak soos oefen of sport en ja selfs jou werk.

Die ding met omtrent alle verslawings is dat dit 'n invloed op die verslaafde se lewe het asook op die verslaafde se geliefdes of kennisse en vriende. En die hartseer is dat meeste van die invloede negatief is. Dit kan mense emosioneel en finansiële reüneeer. Dit kan huwelike en gesinne opbreek. En dit is baie moeilik om uit die mag van verslawing te kom, sonder hulp. Dit is baie hartseer.

En toe wonder ek nou die dag, is daar iets soos BONSAI VERSLAWING? En wat van die klub met die naam "Bonsai Addicts" wat die laaste BRAT dag aangebied het? Is daardie lede almal addicts (verslaafdes)?

En toe soek ek bietjie by Prof Google of daar iets is soos Bonsai verslawing, en wragties, ek kry 'n (wel humoristiese) artikel. Kyk onder aan bl 29 na van die tipiese simptome van bonsai verslawing.

En nou natuurlik die GROOT vraag. As jy wel verslaaf is, aan bonsai, is dit 'n slegte ding? Het dit 'n negatiewe invloed op jou en jou vriende en familie?

En is daar 'n kuur daarvoor?

Lekker bonsai !!

Jaco



Creating bonsai should be about limiting the obvious hand of man, we should maintain the illusion of natural causes.

Briewebus / Vra is Vry

Hi Jaco

Met hierdie droogte moet jy dalk 'n voorstel maak: spaar water, stort met 'n BONSAI! 😊

Groete

Rolf



Pieter Loubser wat vir ons sy lekker lees en insiggewende artikels skryf (en wat net in ons Koeda gepubliseer word) het die volgende uit "New Zealand" ontvang:

Middag Pieter

Geluk met die pragtige artikel oor Literati in die Koeda. Ek het heerlik geles. Jou artikels is altyd lekker om te lees. Skryf voort!

Groete

Es

Red: Die Koeda word wyd geles.....

Regstelling:

In die lede profiel van Esther van Aarde in die vorige opgawe van die Koeda was daar twee groot foute gemaak. Eerstens is daar genoem dat Esther werk as Verpleegkundige by die Neonasale intensiewe afdeling. Dit is nie waar nie want sy werk by die Neonatale Intensiewe afdeling. Groot verskil. Tweedens is gesê dat Esther op Kleinmoes in die Noordkaap matrikuleer het. Dit is ook verkeerd want sy het in Keimoes matrikuleer.



Jammer Esther, daar was geen kwade bedoelings met die inkorrekte inligting nie!!

SNOEI - deur Dr Pieter Loubser


SNOEI (Of draadwerk?)

Ek skryf hier oor snoei en waarskynlik die hoeveelste keer. Hoekom? Ons weet tog wat snoei is: afknip van takke, vermindering van loof, so-iets. Hoe jy snoei het te make met watter stadium van die boom se ontwikkeling ter sprake is. Die “hoe” het te make met veral die graad van terug snoei en moet vroeg al mik op ‘n uiteindelijke doelwit. Doelwit? Jy behoort op daardie stadium reeds te weet dat snoei rigtinggewend vir groei gaan wees. Ek meld hierdie onderwerp effe verder aan in ietwat meer besonderheid, maar ek mik na iets by snoei verby. Moet egter nie bang wees om te snoei nie. En hoor wat Florence Littauer sê met: *“Die doel van snoei is om die kwaliteit van die roos te verbeter, nie om dit te beseer nie”*.

Ek kan deur hierdie skrywe veral nuwer belangstellendes (leke) se entoesiasme laat afneem, hulle afskrik, maar dit behoort eintlik te stimuleer om die dieper kompleksiteit van bonsai te verstaan. Hoe kry ons die “nagemaakte bome” so klein? Ek wil net beklemtoon dat snoei uiters belangrik is.

Ek is versigtig om opinie te lewer vir verskeie redes, maar doen dit tog. Die waarheid is dat ek in wese bang is om sommer net iets te sê sonder voorafdenke. Chris Jami (*Killosophy*): *“Dit lyk gedurig dat ‘n vrees vir oordeel die kenmerk is van skuld en die las van onsekerheid”*. Onsekerheid?

Die rede waarom ek eerder skryf, is omdat ek my woorde en dus opinies kan herkou, analiseer, self kritiseer, onsekerheid uitsny en oorskryf indien nodig voor ek dink dit hoort gehoor of gesien te word deur enigiemand. Sê jy iets, is die “hoor” ‘n ander saak want dan moet jy onmiddelik antwoord op watter vraag ookal mag volg. ‘n Klompie jare gelede was daar ‘n bekende politikus wat vrae beantwoord het met (vertaal) “Goeie vraag. Ek sal later daarop antwoord”. Ouer lesers sal baie goed onthou wie dit was.



Nou-ja, Chris Jami sê ook in *Diotima, Battery, Electric Personality* dat *“ ‘n teken van wysheid is sy genot daarin om nie sy bek oop te maak oor goed waarvan hy nie weet nie”*.

Mens moet jou onderwerp waaroor jy opinie het, baie deeglik ken. Ek is hieroor geroskam toe ek met nagraadse studie by US besig was (in Afrikaans, tersyde). Doen jou leeswerk in detail en lees soveel verskillende opinies as moontlik! En onsekerheid is altyd deel van wat ons in alle onderwerpe van studie ondervind, asook bonsai. Lee Iacocca wys ons met hierdie twee brokkies daarop: *“Al smag ons intellek alewig na helderheid en sekerheid, vind ons natuur hierdie onsekerheid fassinerend”* en *“ongegag jou geloof, kan jy onsekerheid nie ontsnap nie”*.

Studie is ‘n wesenlike deel van my lewe al het ek bykans sewe dekades agter die rug. Ek het onlangs geleer dat dit te wyte kan wees aan ‘n dopamienaangedrewe lewe. Maar daar is dan elke BRAT-vergadering iets wat ek te lere kom! Dopamien-oormaat is nie die rede nie. Die wonderlike onderwerp “bonsai” is die rede en soveel ander mense weet oor een of ander aspek van bonsai meer as wat ek weet en ooit sal weet.

Miskien is dit my wetenskaplike en filosofiese opleiding (laasgenoemde meer onlangs, maar rigtinggewend) wat gelei het tot my twyfel of bevraagtekening van vele dinge.

Vervolg op bl 4

SNOEI - deur Dr Pieter Loubser

Die mens is, sover ons huidig kon bepaal, die enigste wese op aarde wat hom/haarself kan beoordeel. Ons kan reflekteer oor eie denke en optrede. Die mens is egter nie die enigste wese met emosie en omgee bedeed nie. Jou kat, jou hond!! Maar mense kan beoordeel, redeneer en analiseer. Ook aangaande ander persone! Besef u wat dit beteken? Lee Iacocca vra “...*dus, wat doen ons? Enigiets. Iets. Moet net nie daar sit nie. Indien jy dit opneuk, begin weer. Probeer iets anders. Indien jy wag tot jy al die onsekerhede uitsorteer het, kan dit te laat wees*”.

Die opskrif van hierdie artikel is “snoei”, maar dit mik eintlik na “ontwerp” as teiken. Nog verder: die produk! Ons kan nie bonsai ontwerp sonder om te snoei nie. Waarnatoe ons mik, is ‘n pertinente saak. Die stadium waarin ‘n boom verkeer in terme van ontwikkeling (saailing tot “volwasse” boom), bepaal die manier van snoei. En daar is dus eerstens radikale ontwerpsnoei (rigtinggewende snoei), dan vestigingsnoei en laastens afrondingsnoei.

Ek is seker daarvan dat ‘n skildery ook so ontwikkel word en dat die skilder uiteindelik by ‘n punt kom waar die skildery afgeteken word as “klaar” en aangebied word vir beoordeling en geniet daarvan. Bonsai loop ook so’n paadjie, maar al is dit ‘n afgesaagde storie, bly die plant groei en sterf en ons het, terwyl die plant leef, nie ‘n eindproduk nie. Skilder is dalk eerder die grondstukke neerlê en dan daaromheen begin bou, terwyl ‘n beeldhouwerk waartydens hout of klip weggebytel word, miskien nader aan wat bonsai is. En tog. Visualiseer ‘n produk. Dink aan ‘n trourok se ontwerp en begin die stukke aanmekaar sit, maar verbeel jou oor die produk, die resultaat.

Met betrekking tot bonsai: Wat is die uitstalproduk? ‘n Oorgestileerde, geknipte resultaat teenoor iets wat die natuur naboots? Wat bied die natuur aan as voorbeeld? Hoeverre word die mens se invloed verdra? Tot welke mate kan jy via kuns uitdrukking gee in bonsai, of waarmee is jy in wese besig? ‘n Boom? ‘n Stuk yster, of marmar? Hoe dink jy? Organies of geometries?

Kyk na die twee stukke beeldhouwerk hieronder om die begrip van organies (links) en geometries (regs) te wys. Vergroot gerus die een links om die detail te sien.



Beide is besondere kunswerke, maar die aard van hul aanbieding, hul uitdrukking, verskil dramaties. Miskien hou u van die hand, of anders die kop en torso, of dalk albei. Dalk kry u nou ‘n idee van waarnatoe ek aan die skryf is. Dit het met bonsai te make! Maar wat? Speel ons dieselfde spel met bonsai? En indien wel, hoe? En wat het dit met snoei te make?

Vervolg op bl 5

SNOEI - deur Dr Pieter Loubser

Dave Joyce beskryf waarna hy bonsai wil stuur, pragtig in **The Art of Natural Bonsai. Replicating Nature's Beauty** p9: *"If the line between trees growing in nature and bonsai becomes blurred at times.....you enter a mysterious twilight zone between the two for a moment, then I have succeeded in one of my goals. Bonsai creates the illusion of a fully grown tree in a small container. You'll want to help the viewer of your bonsai cross that line"*. En dan ietwat verder op dieselfde bladsy *"A natural bonsai has no obvious man-made elements to jar the design"*. Dave is oorlede, maar sy werk bestaan nog! Skaf gerus sy boek aan en lees en geniet dit.

Ek gaan nou reeds sê dat ek iets oor die eerste twee soorte snoei wil vermeld, maar my opinie wat ek wil uitspreek, gaan oor die eindproduk. Dus: wat is bereik met snoei!


Snoei beperk die bonsai se groei, maar het 'n invloed op toekomstige vorm. Hierdie is die twee aspekte van belang en word anders gebruik afhangende van die stadium van ontwikkeling van die boompie.




Die foto hierbo is van 'n opslaanboompie wat die uitspit oorleef het. Nou is dit die tweede groeiseisoen in 'n houder. Ek het dit gesnoei/ reduceer tot wat u sien. Ek beplan om dit later in 'n groep te gebruik as een van die bome aan die kant van 'n groep.

Hierdie is die eerste soort snoei waarvan ek gepraat het. Maar dis waarmee jy moet leer! As jy nie die eerste knip aan die stam leer nie, gaan jy sukkel. Rigtinggewende snoei is gebruik en dit is een stappie verder as die uitgrawe van die stam. Daarna moet ek met snoei die boompie in 'n rigting stuur, natuurlik met die idee van hoe ek dit gaan gebruik êrens vorentoe. Dit is nie onmoontlik dat ek dalk 'n skuinsstam bonsai hierbo kan stileer nie, maar dit gaan verdere uitsnoei van takke verg.

Die drie sketse hieronder is van basiese rigtinggewende snoei.



En dit is veral gedurende die eerste jaar of vyf van 'n bonsai se ontwikkeling die metode. Die bonsai groei vanaf 'n stam, tak vir tak en takkie vir takkie.



Wat ek hierbo beskryf, is die manier waarop Oliene, Stinkhoute, Esdorings, Vye en veel meer spesies ontwikkel word. Dit is 'n fantastiese belewenis om dit oor jare heen te ondervind. Neem dus fotos van die boompie se ontwikkeling! Jy vergeet maklik hoe dit aan die begin gelyk het.

Vervolg op bl 6

SNOEI - deur Dr Pieter Loubser

Ons dink maklik dat dit nie so is in die geval van keëldraers soos Jenewerbome nie. Hierdie soort bome is van die staanspoor af meer kompak en ons kan redelike jong materiaal gebruik om meer kompakte bome mee te ontwerp. Maar, en dis 'n groot maar, uiteindelik volg die patroon van terugsnoei en ontwikkel ook maar vir daardie spesies. Dit is gewoon prakties om ontwikkelende bonsai-entoesiaste te vra om met Jenewers hul eerste ontwerpe te doen, maar dit mag hulle laat met 'n wanbeeld van wat met meeste soorte bome se ontwikkeling gaan gebeur. Daar is nie goeie kwaliteit bonsai wat kitsontwerp word nie.

Ek is al vir jare lank bekommerd oor die bome ontwerp deur jong entoesiaste. My suspisie is dat reëls te slaafs gevolg word (dalk vandaar my weiering om hul ontwerpe te beoordeel). En ons was waarskynlik almal so. Hoe brik ons daardie bus? Ons kan leer by Carl Morrow se gedagte van eerder 'n boom begin met teveel takke en dit later uit te dun. Het ons anders geleer? Of het ons net vergeet hoe ons geleer het? Ek het nie met Jenewers geleer nie. My eerste materiaal was Stinkhout en Oliene en 'n paar ander. Ek het nooit, maar nooit, kon dink dat ek met iets soos in die foto hierna sou werk nie.



Dink jou dit in dat jy sulke materiaal soos hierbo aanbied vir kompetisie om talent raak te sien. Maar dis onregverdig van my om dit as voorbeeld te gebruik. Ek werk al 'n hele paar jaar aan hierdie Celtis in my tuin.

Raai waarmee is ek besig! Tans weet ek nie eers of die boom eendag in 'n bak gaan wees nie, want ek is besig met ringelering aan die toppunt van 'n boompie in my kweektuin. Ja, daardie houer dien net as houer vir 'n groeimedium wat die ringeleringswond bedek. Ek weet dat wortels aan die vorm is, want ek gaan loer af en toe in die houer, maar weet nog nie hoeveel nie en sal hierdie komende somer ordentlik oopmaak en gaan kyk. Daar is doelbewus nie veel uitgedun aan die takkies nie want ek wil keuse hê wanneer ek dit weg van die moederboom aan die groei het en dan die meer gedetailleerde ontwerp gaan doen. Indien die boom die afsny van die moederboom oorleef sal ek dit beter analiseer en snoei.

Dalk van die onderwerp af, maar: Ek weet nie hoe ek deur my eerste jare van bonsai gekom het nie. Wat op aarde het my daarmee laat aanhou? Ek was sonder leermeester(s) en het maar aangeploeg en foute gemaak. Miskien was die sien van 'n klompie mooi bome by Rudi Adam en andere die stimulasie - dit wat my inspireer het. Tans is so baie mense en hul skeppings beskikbaar om ons te help op hierdie bonsaipad en ek is so dankbaar vir elke individu se bydrae. Dit is 'n radikaal ander situasie as dertig jaar gelede en selfs verder terug. Die internet is ook by wanneer ons wil kyk en leer.

Hieronder is 'n foto van 'n beblaaide boom en daarna sonder blare (op internet gekry). Dit is om te sien waarmee ons te make het (tensy ontblaring gedoen is). Die foto regs is wel van dieselfde gesnoeide boom wat reg is vir uitloop met nuwe blare. Die doel van die twee fotos is nie om die twee stadia in die boom se seisoene teenmekaar te meet nie, maar wel om te wys hoe die onderliggende takstruktuur om die boom te "dra" van belang is.



Vervolg op bl 7

SNOEI - deur Dr Pieter Loubser

Die volgende voorbeeld is 'n vroeër stadium van 'n boom. Duidelik hieronder moet met die vorming van takke begin word. Die boompie (Esdoring?) hoort nie op hierdie stadium in 'n uitstalhouer nie, eerder 'n gewone groeibak. Maar dit het 'n pragtige basis om mee te begin.



En dan is daar korrigerende snoei op meer gevestigde bome soos hieronder. Die snoei is nie gedoen nie, maar die foute blyk nou en moet reggestel word. Die resultaat met blare is bevredigend, maar sonder blare is dit yl. Meer drastiese terug snoei is nodig vir meer kompakte groei. Of is jy tevrede met die een regs? Kyk na die verandering van houër! Watter een hou jy van?



Die volgende voorbeeld is 'n boom wat vermoedelik ontblaar is. Die eerste deel van die groeiperiode se ontwikkeling moet nou teruggeknip word en siedaar, 'n meer kompakte boom. En nou lê gedurige terusnoei voor om die fyner vertakking wat nodig is te vorm.



In die fotos hierna kan gesien word dat as daar nie van die begin af genoeg takke toegelaat was nie, jy later met probleme sit. Dit lyk of enting nou gedoen word om die situasie reg te stel. Vermoedelik is die "een-derde reël" oorspronklik gebruik in die ontwerp. Toe dit blyk dat die boom te yl is, moes drastiese tegnieke toegepas word. Weer danksy die internet.



SNOEI - deur Dr Pieter Loubser

En nou iets van my eie en gedagtes daaromtrent.



Ek kom uiteindelik by wat my hinder. 'n Kwessie van voorkeur, te wete! Die Celtis hierbo links is een waarmee ek besig is, toegegee al baie jare. Kyk daarna na die boom regs. Vergeet vir 'n oomblik dat die spesies verskil, want jy kan dieselfde effek met beide bereik. Die effek verwys na die gestileerdheid en pertinent oorgestileerdheid! Jy kan vra oor watter boom lyk asof die mens se hand 'n invloed gehad het. Onthou die aanhaling uit Dave Joyce se boek ietwat vroeër!

Dit gaan oor smaak, natuurlik! Maar ook ontwerp. Ter sprake is organiese en geometriese vorms. Kyk weer na die houthead en kop en bolyf (gips?) wat ek vroeg in die artikel toon. Sien u die ooreenkoms! Kuns is moeilike grond om op te loop. Bonsai? Gestileerde bonsai?

Waarvan praat ek en aan wie rig ek my skrywe? Doen ek kwaad of goed met hierdie opinie? Of is dit iets wat u laat dink? Indien so, welkom in die klub.

Groete,

Pieter Loubser

The goal of pruning is to cut off the tree parts that disturb the plant's shape so as to reduce the tree's overall size and to improve its appearance.

Vergadering van 2 Junie 2016



Ver links en links: Francois het hierdie mooi 'Crabapple' by die laaste BRAT vergadering se 'raffle' gewen. Dit is 'n boompie wat Erika Köhler geskenk het. Die presiese spesie van die "Crabapple" is nie bekend nie. Daar was 'n lekker bespreking oor die beste voorkant vir die boom.

Regs en ver regs: Rohann het hierdie Koraal boom in 2004 as 'n kwekery boompie in 'n swart sakkie gekoop. Die boom was vir 'n tyd in die tuin geplant, toe in 'n groter groeibak en nou in die groeibak. Rohann se dat die boom nog nooit geblom het nie. Daar was 'n lekker bespreking oor wat se tiepe pot by die boom sal pas.



Tip of the month - deur Christa Vermaak

Christa het oor, wat anders as haar gunsteling, die Azalea 'n klompie 'tips' gegee. Die Azalea's behoort in hierdie tyd in blom te wees, sommige het dalk al klaar geblom. As die boom begin om blomme te vorm en daar is baie blomknoppe moet jy sommige verwyder sodat daar nie te veel is nie. Die blomme wat begin afgaan moet verwyder word. Draai sommer af en verwyder als.

Terwyl die boom blom is dit raadsaam om van onder af water te gee, blomme hou nie van water op hulle nie. Hou hulle ook uit wind. Wind skroei blomme. Geen voeding moet gegee word terwyl die boom blom nie.

Waterlote moet afgesny word tensy dit op 'n plek is waar jy in die toekoms 'n tak wil he. Bome kan oorgeplant word nadat hy klaar geblom het. Suurgrond is belangrik. Christa gooi ook ou teeblare op die grond. Christa maak nie steggies om nuwe plante te kry nie, sy koop by kwekerye.

Charles het genoem dat dit help om een telepel vanilla essence op 500mm water te meng, die steggie so dag of twee daarin laat staan en dan in te lê.



Meeting of 2 June 2016

The theme of the meeting was the making of rocks by using polystyrene. Antony Smith taught the participating members (and the observers) how he makes his rocks from polystyrene.



Left: This cascade Pro-cumbens is planted in a polystyrene rock that Antony specially made for the tree.

Right: Antony explaining the process.



Fourteen members participated and made rocks. The end products were very impressive considering that it was the first attempt for all members.

Antony uses normal density polystyrene strips which he sticks together with Ponal wood glue. The rock is then formed by using a soldering bolt. After it is shaped the whole rock is painted with two or three layers of a mixture made of tile cement, coprox and, if you want, some bonding liquid. Thereafter it is painted with normal acrylic paint. Dark colors in the hollows, lighter brown on the rest and a light color on the edges. This gives a very realistic feeling of the depth of crevasses and hollows. Sometimes Antony also uses a special spray-paint to lightly spray on sections of the rock. This spray-paint contains some sand which gives a natural appearance.



Continue on pg 11

Meeting of 2 June 2016



Bo: Helen



Dottie



en Tharina aan die werk



Bo: Cameron



Jacques



Jacques en Cameron



Erika



Jakkie



Izabelle

Meeting of 2 June 2016



Bo: Kobus

Onder: Duvan



Mariaan kry bietjie hulp

Louis geniet dit baie



Suzette

Ilsette hard aan die konsentreer



Van die finale 'rotse'. Die verf was nog nat toe die foto's geneem is. Hulle het werklik goed gelyk.



Inheemse Suider afrikaanse boom vir Bonsai—*Diospyros whyteana*

Diospyros whyteana

Algemene naam Afr: Swartbas, Bostolbos

Eng: Bladder-nut, Blackbark, wild coffee

Daar is 22 spesies inheems tot Suid-Afrika. In die natuur is dit 'n groot struik or klein boom 5m tot 7m hoog. Dit groei hoofsaaklik langs die suidelike en oostelike kus gedeeltes asook in die laeveld en mooi bome word waargeneem in die Kruger wildtuin. Dit is 'n baie geskikte en mooi boom vir gebruik in tuine.

Die bas is glad, grys tot swart, veral wanneer dit nat is, daarom die naam Swartbas (Blackbark). Stamme en takke vorm dikwels skerp rigting verandering wat dit interessant maak. Hierdie rigting verandering kan maklik met snoei en bedrading gemanipuleer word. Wees versigtig met bedrading aangesien die bas baie dun is. Wonde op stamme kan maklik as baie mooi shari en jins gebruik word. Die hout is hard en sterk en is geskik vir meubelmaak.

Wortels ontwikkel dikwels as sterk en mooi 'surface roots' wat die indruk van stabiliteit en ouderdom gee.

Blare is blink aan die bokant en dof groen onder met haartjies aan die onderkant. Die blare kan 'n kantel rand hê en is so 2,5 tot 4,5mm lank en 1 tot 2 mm wyd.

Blomme is 'cream' kleurig en kom voor op harige stingels. Hulle is 5-10mm lank met 'n sterk reuk. Blomme verander in vrugte wat rooi word as hulle ryp raak. Plante kan van die saad gegroei word wanneer dit nog vars is. Sagte hout steggies kan ook redelik maklik in die lente suksesvol wees as dit in riviersand ingelê word. Bome groei vining wanneer hulle jonk is.



Bome verplant maklik en suksesvol van Augustus tot Oktober.

Swartbas kan in omtrent enige styl gegroei word behalwe 'root over rock' asook 'windswept'. Hulle is veral geskik vir 'clump and forest' style. Mooi bome in regop en skuins style is al gesien. Alhoewel die blare bietjie groot is is die bome gewild vir bonsai.

Bome verkies groeimedium ryk in humus. Hulle reageer goed op 'n gebalanseerde voedingsprogram. Hulle kan skadu toestande sowel as effens swak dreinerings toestande hanteer. Hulle hou nie van droë toestande nie. Hulle kan oorleef in koue toestande tot so -3 grade Celsius. Hulle verkies hoë humiditeit en skadu tot semi-skadu posisies.

Bome is redelik bestand teen peste en plaë. Sagte nuwe blare word somtyds deur insekte ge-eet.

Redelike groot bome kan suksesvol uit die natuur geneem word. Wortels kan drasties gesnoei word en die boom sal op ou hout uitloop. Terugsnoei tot twee of drie blare kan gereeld gedoen word. ♣

Onderste twee voorbeelde van Swartbas is afgeneem by die ABC4 konvensie. Die boom links behoort aan Freddie Bisshoff en die boom regs behoort aan Hennie Nel.



BRAT meeting of 30 July 2016

The BRAT meeting was hosted by Bonsai Addicts Kai at the Safari Garden centre in Pretoria. It was a very enjoyable day and 110 people from BRAT member clubs attended.

The whole day was very hands-on whereas after each topic the delegates around the table they were sitting had to apply what was discussed or demonstrated.



The topic “All’s well that draws well...” was presented by Liza-Mari Snyman. She showed delegates how to draw with charcoal. After she showed the basics delegates around a table had to draw their tree and from all the drawings pick a design.

Antony Smith demonstrated an advanced bending technique. He drills a hole $\frac{3}{4}$ of the way from the side he wanted to bend the branch. He then cut out a v shaped notch. Wire is then applied. Antony put on some sealer on the cut. The branch is then bend so that the two sides of the v that was cut out touches. The sides will fuse in time.



Below: Some of the delegates practicing the bending technique.



BRAT meeting of 30 July 2016

More delegates with their trees.



Frank Grobbelaar gave an interesting talk with the topic “Steampunk”. He demonstrated how he uses a lot of ‘junk/ scrap’ to display with bonsai. See some examples on this page which were done by Frank.



BRAT meeting of 30 July 2016



Some of the “steampunk” creations by delegates.

The ‘show’ was open to the public.

As with other BRAT days the raffle was popular with good stuff to be won.



Steampunk is a subgenre of science fiction or science fantasy that incorporates technology and aesthetic designs inspired by 19th-century industrial steam-powered machinery.

Vergadering van 6 Augustus 2016



Vergadering van 6 Augustus 2016



Tip of the month - deur Rolf Wuest

Rolf het sommer vir ons drie 'tips' gegee. Die eerste was raad om die wit neerslag wat somtyds op ons potte uitslaan te verwyder. Rolf sê dat hy al die raad gehoor het van die gebruik van asyn, swembadsuur, suurlemoensap. Hy het egter 'brick cleaner' probeer en siedaar vir hom het dit gewerk. "Brick cleaner" kan by hardware winkels gekoop word.

Rolf het ook genoem dat hy in redelik grootmaat gruis (klippies) aankoop wat hy as bolaag gebruik. Gewoonlik is dit 'n mengsel van allerhande grootte klippies. Die groter klippies vertoon egter nie so goed met klein boompies nie. Rolf sif dan hierdie gruis wat hy aangekoop het in verskillende groottes, 3mm 4mm 5mm ens en stoor dit dan afsonderlik in glas houers. So het hy dan die regte grootte klippie byderhand as hy dit nodig het en hy kan maklik sien, deur die glas, watter grootte klippie is in watter bottel.

Nog raad wat Rolf gegee het is dat hy besluit het om nie die gaas (mesh) wat hy oor die dreineringsgate in sy bakke sit met draad in plek te hou nie. Hy 'plak' dit vas met silicon of met 'n 'glue gun'.



Vergadering van 6 Augustus 2016



Louis het hierdie Huilboerboon van hom bespreek. Die boom is so nege jaar oud en Louis het hom by kwekery in 'n swart sakkie gekoop. Let op die foto links het Louis 'n "thread graft" gemaak om 'n eerste tak te kry. Hy is onseker of die tak al gevat het en sal hom nog n tyd laat groei.



Bo: Hierdie 'Maple' van Erika is sowat twaalf jaar oud. Erika het die boopie as vuurhoutjie dikte saailing uit die tuin gehaal. Erika het die pot self gemaak toe sy nog 'pottery' gedoen het.

Onder: Louis het hierdie Kei appel al sowat nege jaar. Hy het die boompie in 'n swart sakkie by 'n kwekery gekoop as verwaarlooste plant.



Vergadering van 6 Augustus 2016



Bo: Hierdie 'Japanese Maple' van Erika is al 20 jaar in n bonsai pot. Erika het die boom by n kwekery gekoop. Die stam het nou vir baie jare niks verdik nie. Die bas begin nou tekens wys van veroudering, maar dop nog nie af nie.

Onder: Hierdie 'Greek Myrtle' behoort aan Mariaan en is al sowat 10 jaar oud. Kobus het die boom bespreek



Ilsette het voor die vergadering aan hierdie Juniper gewerk (met bietjie hulp van Pieter) en die plant na n literati (ver links) gestyl.

Vergadering van 6 Augustus 2016

Die tema van die dag was 'Maples' en is deur Org aangebied. Org het n 'Powerpoint presentation' gewys wat hier gedeeltelik weergegee word.



Acer palmatum (Japanese maple) & Acer Buergerianum (Trident maple)

Acer are deciduous with opposing leaves. They are native to Japan, China and Korea. They are very popular as Bonsai material. They respond excellently to Bonsai techniques for example, leave reduction, twigging and wound sealing. Acers leaves have beautiful autumn colours.

Japanese maple

- Five to seven fingers on leave.
- Hundreds of species available.
- Use the ones that lend themselves to bonsai cultivation. (small leaves, ignore the weak growers)
- The red leave varieties are weaker and slower growing than the green leaved ones.
- Leaves are thin and damage easily.
- Small tree or shrub.
- Protect against frost below -10⁰.
- Varieties used: Red leaved, Rough Barked, Dwarf and Dissectum.
- Red leaved varieties will lose its colour if kept in deep shade for a few days.
- Difficult to find material that is not grafted.
- When soil is dry the leaves are more susceptible to sun and wind scorch.

Vergadering van 6 Augustus 2016

Trident maple

- ▶ Three fingers on leaves.
- ▶ Quick grower and develop quickly in the ground.
- ▶ Few species available.
- ▶ Can reach heights of 10m.
- ▶ Bark becomes flaky with age.
- ▶ Protect against frost below -5°
- ▶ Strong vigorous root growth.
- ▶ Can take aggressive root pruning.
- ▶ Apical dominant. Prune apex regularly.
- ▶ Suited for root over rock.

Position

- ▶ Keep out of direct sunlight and strong winds. Leave burn from sun and scorch from wind.
- ▶ Good light is needed for good leaf colour in autumn and growth.
- ▶ In winter be careful for frost. Root damage can happen due to high moisture content in roots.

Feeding

- ▶ Feed with high nitrogen after leaves have appeared to avoid long internodes.
-

Vergadering van 6 Augustus 2016

Re-potting

- On young plants re-pot every year or two due to the strong growth that maples have. On older trees (10+ years) re-pot as needed. Transplant as soon as the buds appear. From late July. Do not repot when leaves have formed. Roots can be cut back drastically.

Pruning

- On settled trees remove the new growth as soon as the buds open.
- On new trees let the branch grow up to where it is needed and then cut back to two leaves or where needed to encourage twiggy growth.
- When internodes are long, remove that part up to a bud.
- Be careful to prune the branches at the right time of the year, you can lose branches or the tree from bleeding. Root prune when pruning branches in spring.
- Sealed wounds heal very fast.

Wiring

- Be careful in winter when wiring, the branches are very brittle and break easily.
 - When done in spring with bud break be careful not to remove the buds that have formed while wiring.
 - Bark is damaged very easily when wired.
 - Check the wires frequently to see that it does not cut into the bark especially in spring.
-

Vergadering van 6 Augustus 2016

Propagation

- ▶ Trident and some Japanese maples can be grown from seed.
- ▶ Air-layer as soon as spring growth has hardened. Late spring.
- ▶ Cuttings: Hardwood cuttings in late winter and softwood cuttings in summer.

Styles

- ▶ All styles can be done. From small trees to big trees.

Grafting

- ▶ Maples are very suitable for approach and thread grafting. This can be used where roots or branches are needed. They fuse quickly.
- ▶ When buying a Japanese maple ensure that the graft is properly done and low down on the trunk. In some species it does happen that the top part grows faster and there-for thickens faster than the bottom.

Defoliation

- ▶ Defoliations on healthy trees only can be done when the leaves have hardened. This will result in smaller leaf, better ramification, shorter internodes and beautiful autumn colours. Do not defoliate the tree in the same year that you have re-potted. Do not do this 2 years in a row. Weaker species should not be defoliated.

Pests and diseases

- ▶ Aphids, Caterpillars, scale insects, mites and leaf scorch.
 - ▶ Plants weakened by lack of fertilising, poor root system, repotting, under or over watering, lack of dormancy are more likely to suffer burnt leaves.
 - ▶ Acer are quite readily available. Palmatum are rather expensive.
-

Vergadering van 6 Augustus 2016



Bo: Org het gewys hoe goed 'n "Maple" gevat het waarop 'air layering' toegepas is.

Bo: Hoeveel hande is nodig om 'n tak af te sny???



Org het oor hierdie 'Maples' gepraat en bietjie aan hulle gewerk.



TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME

Gedurende die BRAT vergadering van 31 Augustus 2013 wat by Pretoria aangebied is, het Pieter du Plessis aan 'n Akasia galpinii gewerk. Dit was 'n boom waarmee hy nie tevrede was nie en het hom drasties terug gesnoei na 'n basiese raamwerk. Pieter het die boom van saad gegroei. Die onderste foto's van die boom is geplaas in Koeda vyfde uitgawe 2013. Die foto links voor Pieter hom gesnoei het en middel nadat hy na 'n basiese raamwerk gesnoei is. Regs is die boom afgeneem op 16 Junie 2016, dus 2 jaar en vyf maande later.



Pieter het op dieselfde dag, 31 Augustus 2013, twee Akasia galpinii teen mekaar geplant om 'n dubbel stam boom te maak. Die onderste foto's van die boom is geplaas in Koeda vyfde uitgawe 2013. Die foto's regs is die boom afgeneem op 16 Junie 2016, dus 2 jaar en vyf maande later. Pieter weet nog nie wat hy as 'voorkant' gaan gebruik nie.



Snippets

Our Environment

Chemicals used to wash our bodies, homes, cars and everything else get washed down the drain or absorbed in the grass, and eventually end up in the water supply. Since most people use heavy-duty chemicals for all sorts of things, chemicals are doing real damage to waterways and aquatic life. The chemicals aren't good for humans, either, so do your best to cut back on them.

Here's how: Learn about alternative household cleaning items that do not use hazardous chemicals. For example, using a solution of 1/2 white vinegar and 1/2 water works as well as most commercial cleaners for basic cleaning jobs.

Use fewer chemicals!!



Inspirasie uit die natuur



Hierdie onbekende boom (dalk kan iemand ons laat weet wat dit is) het Esther van Aarde in Lynnwood naby die Safari tuin sentrum afgeneem. Sou dit nie mooi lyk as 'n bonsai so kon lyk nie?

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in September en Oktober

Dit is lente en wat die beoefening van bonsai aanbetref 'n baie besige tyd op die bonsai kalender. Bome kan nou uit hulle winterbeskerming gehaal word maar bedek weer sodra daar tekens van koue is. Die meeste bome begin om nuwe groei te toon wat beteken dat hulle meer water nodig het. Water-toediening speel 'n bepalende rol in die mate van groei, wees dus versigtig vir oormatige toediening wat sal veroorsaak dat lote baie vining ontwikkel en die afstande tussen die blare groot is. Voeding kan begin word sodra nuwe groei sigbaar is, maar wees spaarsamig daarmee anders kan die lote te vining verdik. Die meeste bonsai kan nou herpot word, voordat die eerste lote verskyn en die eerste blare ontwikkel. Moet nooit boompies wat pas wortelsnoei en herpotting ondergaan het, te gou begin bemes nie, dit kan die pas gesnoeide wortels beskadig. Aangesien skadelike insekte en swamme hulle verskyning kan maak kan daar met 'n voorkomingsprogram begin word. Ongewenste takke moet verwyder word voordat enige lote hulle verskyning maak.



Bonsai-groete

Francois van As

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakke) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
September	26	12	10	3	6-30mm
Oktober	27	14	9	9	61-100mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Sorgskedule – Saamgestel deur Dr Francois van As

Sorgskedule / Maintenance schedule

	Seisoen: Season:	Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn	Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early	
	Maand: Month:	Jan	Feb	Mrt Mar	Apr	Mei May	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des Dec	
Aksie / Action	Verplant Potting													
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning													
	Vormsnoei Formative pruning													
	Knyp groeipunte Pinch growth points													
	Bemesting Fertilizer													
	Insekdoders Insecticide													
	Somerbeskerming Summer protection													
	Winterbeskerming Winter protection													

Top Ten Signs You're Addicted to Bonsai

10. You always keep an empty bonsai pot because you never know when you'll get a new bonsai.
9. You leave social engagements early to water your bonsai trees.
8. You plan vacation destinations that are close to bonsai centres.
7. You drive 100 km/hr but can still pick out bonsai growing in the forest.
6. Your family complains about the odour of the organic fertilizer in the basement.
5. You take up pottery just so you can make your own bonsai pots.
4. You take your vacations in the early spring so you can do more gardening.
3. Whenever you're stressed, you close your eyes and think of bonsai.
2. You collect rainwater in two drums even though you only need a one drum a day!
1. When you break up with your boyfriend/girlfriend, you replace him/her with a bonsai!

Other signs that you may be addicted to bonsai:

- Every shrub at a Garden centre looks like a potential bonsai.
- You subscribe to more than one bonsai periodical.
- When company comes to your house, you're tempted to show your bonsai before your children!
- When you buy a new vehicle, the volume of storage is the most important consideration.
- You have revised your limit on the number of bonsai you can own on more than one occasion.
- Your daily calendar is controlled by bonsai care.
- You travel more than 100 km (more than once) to attend bonsai conferences or meetings.
- You are less than honest with your spouse about how much you spend on bonsai.
- You leave bonsai at a friend's house so you can bring them home when your spouse isn't there.
- You have four times as many pots as trees in your collection.